# DIE MENS IN DIE GESKIEDENIS

**S I du Toit**
*Universiteit van Pretoria*

Hierdie bydrae volg op die diskussie van A M Grundlingh in *Historia*, September 1982: "Sielkunde vir die historikus: Praktiese moontlikheid of idealistiese wensdenkery?" Daarin kom hy tot die gevolgtrekking dat sielkunde vir die historikus inderdaad, tot sover altans, blote wensdenkery is.

As sielkundige kan ek sy gevolgtrekking nie bevraagteken nie. Vanuit die sielkunde kan ek tog nie besluit dat die geskiedenis ons bydraes goed moet vind en nodig het nie. Dit moet deur die geskiedenis self besluit word. Daarom net enkele opmerkings oor die artikel sonder om in te gaan op die meriete van sy gevolgtrekking.

Ek vind dit 'n goed deurdagte aanbieding. Daarin word 'n goeie deursnee verskaf van wat gelewer is op die gebied psigogeskiedenis. Hy dek die veld sodanig dat dit weinig sin sal hê om nog voorbeelde, wat hy nie bespreek het nie, aan te haal. Die bevindinge van sielkundiges wat hulle met die psigogeskiedenis besig gehou het, is ook in hoofsaak verantwoordelik en billik weergegee, sodanig dat die historikus die feite wat hy gee, kan oorweeg as verteenwoordigend en feitlik getrou. Ek sou wel wou opmerk dat sielkundiges wat hulle hiermee besig gehou het, byvoorbeeld E Erikson altans soos ek hulle verstaan — nooit bedoel het om 'n bydrae tot die geskiedskrywing te lewer nie, maar tot die sielkunde. Die historikus is natuurlik binne orde as hy beswaar aanteken teen verwringing van historiese gebeure deur so 'n poging. Dit is ook nodig vir die historikus om in ag te neem dat hierdie bydraes vanuit die psigo-analise kom, 'n rigting wat binne die sielkunde ook dikwels bevraagteken word.

In hierdie bydrae wil ek die aandag vestig op nog 'n metode waarop sielkundiges doenig raak met die feite van die geskiedenis, en wat nie aan die orde kom in die artikel van Grundlingh nie. Ek verwys na die "Metabletika" wat veral verbind word aan die persoon van die Nederlandse psigiater-psigoloog J H van den Berg. Weer eens is dit nie sielkunde wat aan die historikus opgedring word nie, maar aangesien die historikus feite uit die verlede *interpreteer*, meen ek dat hy ook 'n verantwoordelikheid het om kennis te neem daarvan.

Die woord "metabletika" is afgelei van die Griekse woord wat "verandering" beteken. Metabletika wil dan 'n leer van veranderinge wees. Die uitgangspunt is dat die mens steeds verander in sy verhouding tot die wêreld. Fenomenologies gesien beteken 'n verandering in relasies 'n ingrypende verandering. Dit staan teenoor die algemene hipotese van die onveranderlikheid van die mens wat meestal die onderliggende uitgangspunt by elke wetenskap is. Hierdie verandering gaan tree in verband met die relasies waarin die mens tot homself en tot die wêreld verkeer. "Die metabletika maak 'n studie van die westerse mens se kultuurskeppinge in die geskiedenis en bestudeer die veranderinge wat daarin plaasgevind het (H J de Villiers, 1984, bl 20).

Hierdie veranderinge kom ook uit in die historiese gebeure. Historiese gebeure begelei en illustreer hierdie verandering wat by die mens plaasvind. Hiermee word gesuggereer dat die geskiedenis verander omdat die mens verander. (vgl Parabirsing, 1974, bl 191)

Die bekende en terselfdertyd aanvegbare voorbeeld hiervan is die metabletiese

betekenis wat geheg word aan die Pes (die Swart Dood) wat teen die middel van die veertiende eeu toegeslaan het, en waaraan na berekening sowat vyf en twintig miljoen mense gesterf het. Hierdie Pes slaan daarna van tyd tot tyd weer toe tot die middel van die sewentiende eeu, om dan vir sowat twintig jaar weer baie intens te woed in Engeland en dan te verdwyn teen 1566 (die jaar van die Vuur van London, wat soms as die Reinigende Vuur beskryf word).

In "Het menschelijk lichaam", vol. 1, doen van den Berg 'n deeglike ondersoek na wat outoriteite soos J F C Hecker en G Sticker oor die Pes nagevors het. Hy kom tot die gevolgtrekking,dat om die aantog van die pes vanuit Sjina oor Konstantinopel te verklaar en die einde daarvan te verbind met die Vuur van London (of 'n ander soort rot wat die pesdraer verding het) nie steek hou nie. Daar is nog geen bevredigende verklaring vir die begin en die end nie.

Hy onderskei tussen 'n endemie en 'n pandemie. Die wêreld het drie pandemies geken. Die Pes van Julianus in die vyfde eeu, die Swart Dood en die sifilis. Hy vind dat pes 'n metabletiese siekte is en dat die swart dood verband hou met 'n ander intrede van die dood. Hy dui hier die metabletiese betekenis van die pandemiese pes aan ten opsigte van die Pes van Julianus en sifilis. Hier bepaal ons ons net by die pes van die veertiende tot die sewentiende eeu — die Swart Dood.

Die uitbreek van die pes val saam met die eerste werklike anatomie toe Mundinus begin het om lyke te ontleed, en eindig met die begin van die fisiologie, toe W Harvey die bloedsomloop beskryf het rondom die begrip dat die hart 'n pomp is. 'n Pomp is 'n meganiese dooie werktuig! Die liggaam was voorheen geslote, dit wil sê verbode terrein, juis omdat die liggaam vir die mens geleef het. Die liggaam was verbode vir die ontleedmes, ook ná die dood. Die oopmaak van die liggaam lui die tydvak in waarin die liggaam as dood gesien word. Dit beskryf Van den Berg met goeie dokumentasie in "Het menschelijk lichaam" deel 1. Hy besluit: "Fysiologie ... start met die vasstelling van het hart as een pomp. Doch dat betekend: het leven is de dood ..." (1959, bl 56). Hierdie verandering was radikaal. Medici het voor die tyd werklik nog nooit die hart hoor klop nie. Hulle verwerp aanvanklik ook die stelling van Harvey dat 'n mens die hart kan hoor klop! Tot op dié tydstip was dit net die mistiek wat van die klop van die hart geweet het. Die verandering van die mens resulteer in 'n verandering in waarneming. Die anatoom kan dinge begin waarneem wat hy vroeër nie kon waarneem nie. Vroeër is die liggaam ook soms gedissekteer, maar hulle het niks gesien nie. Medici kan na 1665 selfs begin hoor dat die hart klop (pomp)!

Hierdie proses begin met die werk van Mundinus, en gaan gepaard met die aanvang van die pes. Dit eindig toe Harvey die insig afrond. Die hart is 'n pomp; die lewe is die dood. Toe klaar die pes op. Die verandering is voltooi.

Die pes was die begeleier van die metabletiese gebeure. Dit was 'n vergestalting daarvan. Pes is dus 'n metabletiese siekte.

Om tot hierdie insig te kom was dit vir Van den Berg nodig om intensiewe ontleding te doen van gegewens uit die algemene geskiedenis, die anatomie, fisiologie en kunsgeskiedenis. In ander werke bring hy die wiskunde, die argitektuur, musiekgeskiedenis, wysbegeerte en teologie by. Dit is duidelik dat 'n span deskundiges op verskillende gebiede nodig is vir die metabletika. Dit blyk uit Van den Berg se kritici hoe wyd sy aanslag is. Parabirsing (1974) gee in 'n omvattende bespreking van metabletika 'n deursnee van kritiek tot op daardie datum. 'n Indrukwekkende lys van deskundiges volg met 'n weergawe van elkeen se waardering en kritiek. Onder meer: S Strasser — pedagoog; J Linschoten — sielkundige; P Hoogenboom — historikus; M Kamphuis — sosioloog; J H Schouten — germanikus; A de Froe — medikus; S J P de

Vries — teoloog; P C Baayen — wiskundige; P Grijs — wiskundige literator.

Hierby kan nog 'n goeie aantal gevoeg word. Voorwaar 'n getuigskrif vir 'n wetenskaplike as sy werk oor so 'n wye gebied waardeer en gekritiseer word. Dit is maar enkelinge, soos 'n Einstein, wat dié kompliment te beurt val. Uit elkeen se bespreking blyk dat die fynste kennis en integrerende vermoëns vanuit elke vakgebied telkens nodig is om die metabletika onder oë te neem. Die metabletika kry voortdurend aandag van musici, medici, historici, argitekte, kunshistorici en meer.

Wat behels hierdie wetenskap?

In sy deeglike bespreking van die metode en resultate van die metabletika wys S Parabirsing (1974) daarop dat die metode uit die fenomenologie ontstaan. Aansluitend by die fenomenologie word onderskei tussen die twee strukture van dinge. Aan die een kant is daar die veranderende verskynings van dinge wat saamhang met die waarnemer se aanwesigheid en afhanklik is van situasie, intensie en stemming. Daarmee kry dinge 'n ander kleur, betekenis en maat. 'n Minuut kan baie lank of baie kort wees in sy eerste struktuur.

Die tweede struktuur is die natuurwetenskaplike feite soos dit objektief meetbaar en skryfbaar is. 'n Minuut is sestig afgemete sekondes en konstant. In die metabletika word die eerste struktuur net so belangrik geag as die tweede struktuur. Albei moet in ag geneem word, die eerste struktuur waarmee subjektief, invoelend en beskrywend te werk gegaan word, en die tweede struktuur wat beskikbaar is vir objektiewe beskrywende en verklarende hantering. Daar word gepoog om nie die samehang waarin die verskynsels voorkom, te versteur nie. Terwyl die algemene neiging in die wetenskappe is om alles te meet en te verklaar volgens die tweede struktuur van dinge, word in die metabletika die werklikheid ook gesien in terme van die eerste struktuur.

In die toepassing hiervan geld drie beginsels:

1 Die beginsel van gelyktydigheid
2 Die beginsel van unieke voorval
3 Die beginsel van beklemtoning

Hierdie beginsels word geïllustreer in die aangehaalde geskiedenis van die Pes.

1 Gelyktydigheid
Aanduiding van 'n verandering van die wyse waarop die mens in die wêreld staan is die verbasende gelyktydige ontdekkings waarvan daar so baie voorbeelde is. Die gebeure rondom die uitvinding van die boekdrukkuns en die teleskoop is bekend. In verband met die Pes is daar talle ooreenstemmende temas in die teken- en skilderkuns waarin die dood as aparte entiteit voorgestel word — iets wat vroeër onbekend was. Hiervan gee Van den Berg treffende voorbeelde waarin die dood vir die eerste keer en toenemend uitgebeeld word as 'n dooie liggaam vervreemd van die lewe. Vergelyk in hierdie verband die fresko van Melfi (J H van den Berg, 1959, bl 96). In dié fresko word die ontmoeting tussen die lewende en die dode voorgestel. Die half-verrotte liggame van die dooies is nietemin nog aktief en hulle kommunikeer, soos blyk uit die handgebare. Die dooie liggaam leef!

2 Die unieke voorval is die ontdekking van die bloedsomloop deur William Harvey. Dit word voorafgegaan deur die pogings van Mundinus en ander, en begelei deur die intrede van die dood met die Pes.

3 Die beklemtoning val op die ontworsteling van die geheim deur gebeure wat daarmee saamhang, by te bring; die opdiep van die proses waarin persoon en wêreld

van mekaar geskei raak, soos die dood en die lewe uitmekaar gehaal word in die veertiende tot die sewentiende eeu. In die skilderkuns word die dooie liggaam as werklik dood uitgebeeld. Ook in die argitektuur kry binne en buite ander dimensies. In Luther se teologie word die geestelike en die natuurlike mens geskei met die mens as burger van die koninkryk van die hemel en van die wêreld. Op die twee terreine kan die mens verskillende pligte hê wat selfs teenoormekaar kan staan. (Vgl H J de Villiers, 1979, bl 76)

Met hierdie metode en resultate maak die metabletika gebruik van bevindinge uit haas elke wetenskap. In besonder betree dit die terrein van die geskiedenis in 'n ontleding van die Franse Rewolusie van 1789, met die daaropvolgende kleiner opstande.

Dit word uiteengesit in Van den Berg se "De Reflex" (1973). Hierdie werk is opgebou rondom die stryd tussen die vitalisme en die meganisme.

In kort is die meganisme die oriëntasie wat uitgaan van die oortuiging dat die lewende liggaam (en gees) begryp kan word vanuit wetmatighede wat in terme van die natuur en skeikunde verklaar kan word. Oorsaak en gevolg is die bepalende faktor. Daar is nie plek vir die menslike in die mens as beslissende mag nie. Alle hoëre funksies word verklaar as sou dit ontwikkel het uit die laere. Die mens is 'n produk van 'n ontwikkeling van 'n eensellige tot 'n meersellige organisme, van primitiewe funksionering tot verfynde, gekompliseerde funksionering. "Man is a product of the evolutionary process, an animal born with special equipment by virtue of this process alone" (R Munroe, 1967, bl 603).

Vir die meganistiese benadering is die vraag waarheen en waartoe nie van toepassing nie. Die refleks is die sleutel tot menslike gedrag. Niks is buite bereik van verklaring op grond van verfynde vorms van die refleks nie.

Hierteenoor staan die vitalisme wat die beginsel aanvaar dat daar hoër funksies is wat nie verklaar kan word uit die laere nie. Volgens dié maatstaf is Freud net so meganisties as Watson en Skinner.

Hierteenoor is vir die vitalistiese mensbeskouing die lewende mens en ook sy lewende liggaam nie volledig te begryp in terme van die somtotaal van meetbare eienskappe nie. Daarom maak die vitalisme voorsiening vir faktore soos menslike intuïsie, doelgerigtheid en strewe. Terwyl die meganisme kans sien om die mens volledig te verklaar op grond van kondisionerings en afgeleide verfynde vorms daarvan, bring die vitalisme die uniekheid en verantwoordelikheid van die mens by. In die meganisme word die mens 'n spinale wese (sien verderaan vir betekenis hiervan). Vir die vitalisme is die mens 'n vrye verantwoordelik-besluitnemende mens.

Die voorgeskiedenis van die meganisme van Aristoteles tot by Descartes en daarna kan nie nou ter sprake gebring word nie. Ons wil net aandag gee aan die mylpale waarin tydstip en onderliggende verwantskap gaan tred hou met die Franse Rewolusies. Let telkens op die datums.

In *1784* verskyn die geskrif van G Prochaska: *De funtionibus sytematis nervosi et observationes anatomicae — physiologicae*. Hierin begin Prochaska om meer aandag aan die vervoerende senuwee te gee as aan die brein. Hy spreek die vermoede uit dat die rugmurg nie alleen 'n deurgang vir die senuwees verskaf nie, maar self 'n funksie besit wat reaksies bepaal, onafhanklik van die denke.

In *1832* verskyn 'n artikel van Marshall Hall: "A Brief account of a particular function of the nervous system." Hierin bevestig hy deur waarneming wat Prochaska nog net kon vermoed, naamlik dat die rugmurg 'n funksie onafhanklik van die wil besit.

Teen hierdie bevindinge begin die vitalisme 'n verloorstryd stry. Die volgende belangrike datum is *1848*. E du Bois Reymond word een van die kragfigure van die opkomende meganistiese vloedgolf. Saam met E Brücke gaan hy sover om 'n eed te sweer dat hulle "de aanvaarding zullen afdwingen van het inzicht, dat geen andere krachten in het levende lichaam werkzaam zijn dan die van natuur en scheikundigen aard". (J H van den Berg, 1973, bl 48). In *1848* verskyn Du Bois Reymond se geskrif waarin hy die idee van 'n lewenskrag belaglik maak.

In *1875* kom 'n ontdekking wat die triomf van die meganisme beteken. Verbasend dat briljante fisioloë dit nooit voorheen kon vasstel nie. Dit is egter so radikaal meganisties dat dit nie voor die tyd raakgesien kon word nie. Twee navorsers "ontdek" onafhanklik van mekaar dat as die mens se aandag afgelei word en hy op die knieskyf getik word, die voorbeen werktuiglik, sonder enige tussenkoms van gedagte of wil, sal opspring.

Hierna sou verdere ontwikkeling kom deur Sherrington se werk, maar 1875 is die datum waarop die proses voltooi is om aan te toon dat die menslike organisme soos 'n outomaat kan werk. Dit wil sê, as die mens se aandag afgelei word, as die mens self as storende faktor nie inmeng nie. Laasgenoemde voorwaarde spreek niemand aan in hierdie jare van die triomf van die meganisme nie en word selfs vandag moeilik erken.

Die refleksmatige mens is 'n algemene mens, 'n massamens. Dit sou veral gestalte kry in die lewenswyse van die mens met massa en snelvervoer in die trein, die motorkar en die vliegtuig. Interessant dat die mylpale van ontwikkeling van vervoer telkens saamval met die vorige reeks. Let weer op die datums.

In *1785* kom die eerste werklike ontwikkeling op die struktuur van die Romeinse paaie. Die Skotse, ingenieur, MacAdam, stel die MacAdam-pad bekend. Hy maak van dreinering na die kante gebruik. Die eerste stap om die mens se massaverkeer moontlik te maak.

*1825* is die jaar van George Stevenson en die lokomotief. In *1830* word die eerste trajek geopen. (Daar is verwysing na 'n soortgelyke uitvinding in 1725 maar toe was die mens nog nie gereed daarvoor nie, niemand steur hom daaraan nie.)

In *1849* word die eerste primitiewe maar geslaagde asfaltpad gebou. Dit sou ook die eerste verbetering wees op die padbedekking wat die Romeine gebruik het. Massabeweging op die pad word nou 'n moontlikheid. vir die toekoms.

*1870*: die trapfiets. By uitstek die vervoermiddel vir die "spinale" mens. Die ontwikkeling van die motorkar en die vliegtuig dertig jaar later voltooi die moontlikhede in dieselfde tyd waarin Sherrington die werk rondom die refleks voltooi.

Al hierdie gebeure het 'n aanloop wat saamval met die aanloop tot die Franse Rewolusie. Dertig jaar voor die Franse Rewolusie skryf Jean Jacques Rousseau sy *Du contrat social.* Daarin beredeneer hy dat die enkeling sy individuele "ek" moet verwissel vir algemene "ek". Die enkeling moet "elkeen" wees. Hy moet opgaan in die "moi commun" — die algemene ek.

Hierdie geskrif van Rousseau adem nie net die gees van gelykmaking wat gestalte kry in die vryheid, gelykheid en broederskap van die Franse Rewolusie nie, maar lui ook die ontplooiing van die algemene meganiese spinale mens se tydvak in, die massamens wat kan saamreis op die MacAdam-weg, veral soos dit later geteer sou word, die spoorweg, die trapfiets, met die toppunt in die massa in die motorkar op die snelweg waar almal gelyk word. Van den Berg beskryf hoe hierdie nuwe groepsmens in dieselfde proses meer waarde aan groepe in nasionale sin begin gee. Die nasionalisme, imperialisme en militarisme kry momentum. Groter as 'n nasie sal die algemene ek nie word nie.

Die ooreenstemmende gebeure en datums lyk dan so:

| Vervoer | Fisiologie | Geskiedenis |
|---|---|---|
| MacAdam (1785) | Prochaska (1784) | Franse Rewolusie (1789) |
| Spoorweg (1830) | Stanley Hall (1832) | Julie-Rewolusie (1830) |
| Asfalt (1849) | Du Bois-Reymond (1848) | Februarie-Rewolusie (1848) |
| Trapfiets (1870) | Westphal & Erb (1875) | Commune-opstand (1871) |
| Motorkar | Sherrington | Nasionalisme |
| Vliegtuig | Wiener e a | Imperialisme |

Vier bloedige rewolusies val saam met die ander twee reekse. In al drie reekse kry die verandering wat by die mens plaasgevind het, sy beslag. Die gelykheid van die spinale mens is daardeur in die tegniek, die politiek en die fisiologie bevestig. Wie hierteenoor wil praat van ongelykheid, van uniekheid, van andersheid, keer hom teen die stroom van hierdie reekse gebeure van die metabletiese verandering. Die wêreld sal dit nie verdra nie. Wat deur die vier bloedige rewolusies bevestig is, gaan die mens vir eers handhaaf.

*Die geskiedenis van die Franse Rewolusie(s) is die geskiedenis ook van die refleks!* Dit is die tema wat ontvou.

Van den Berg bespreek vier moontlike formules waarvolgens die gebeure verstaan kan word en besluit: "De lezer lette opnieuw op de term 'moi commun'. Om het algemene ik gaat het, in al vier rewolusies. ... Het moi commun krabt zich, op de plek waar de vlo bijt. Het moi commun strekt het been, als dit een tik onder de knieschijf krijgt. De reflex is de beweging van allen ..." (1973, bl 117).

Interessant dat Van den Berg meen dat die mens hom wel kan verset teen die verandering. Met 'n ongewone emosionele oproep vra hy, en hoop hy, dat die cerebrum die wil, die siel, die lewe in die mens, hom sal verset teen die spinale ek, teen die "moi commun" — Wantrou alles wat algemeen is, algemene besluite, — kies die pad wat te smal is vir die spinale massa ... (1973, bl 169—170).

Tot sover dan 'n kort weergawe — sekerlik te beknop om oortuigend te wees — van net twee voorbeelde waarin die metabletika kennis neem van die algemene geskiedenis en die gegewens in verband met die mens in sy relasie tot die wêreld. Die leser word verwys na die literatuurlys vir gedokumenteerde uiteensetting hiervan.

Hoe word daaroor geoordeel? In Europa word hierdie boeke wyd gelees deur leek en deskundige en deur talle toegejuig en waardeer of veroordeel en verwerp. Dit word soms 'n intense kontrovers, soos blyk uit 'n bespreking van die polemiek deur Parabirsing (1974). P J Thung skryf 'n hoofstuk ter inleiding vir Parabirsing. Dit blyk dat hy baie waardering het vir die metode, maar hy wys daarop dat dit "'n aanstootgevende leer" is (bl 10). Die mens van Europa vind hierdie ontmaskering uiters steurend. Die gelykheid en wat daarmee saamgaan, vertolk vir hulle die toppunt van 'n heilige reg en geregtigheid. Hierdie onaantasbare gelykheid word nou deur die bevindinge van die metabletika afgegradeer na 'n fase van die mens wat weer kan verander, reeds aan die verander is, en behoort te verander. So 'n aantasting van die "moi commun" is heiligskennis vir die deursneemens van vandag.

Hoe sal die historikus oordeel oor die wyse waarop byvoorbeeld die geskiedenis van die peste en die Franse Rewolusies ingeskakel word? Sou die besware wat Grundlingh teen die psigo-geskiedenis inbring, ook hier geld?

Hy noem die volgende: (1982, bl 56)

Die psigohistorici staan nie skepties genoeg teenoor die bronnemateriaal nie: In die metabletika word van historici in die span gebruik gemaak om indringend navorsing te doen. Dit is nietemin moontlik dat dieselfde beswaar ook hier geld. Daaroor sal historici moet oordeel. Uit 'n historikus soos Hoogenboom (in Parabirsing) se aantal artikels hieroor blyk waardering, maar tog ook wel kritiek teen die historiese feite soos dit in die metabletika gebruik word.

2 'n Oorvereenvoudigde opvatting van historiese veroorsaking:
Hierdie beswaar kan moeilik geld omdat die metabletika nie veel waarde heg aan veroorsaking nie, maar aan gelyktydigheid. Hulle gaan beskrywend fenomenologies tewerk. Daar word wel soms beweer dat Van den Berg gelyktydigheid hanteer as oorsaaklikheid, maar dit, meen ek, is 'n misvatting van wat hy doen.

3 Psigo-analitiese verklarings word te hoog aangeslaan:
Weer eens, in die metabletika word glad nie gepoog om te verklaar nie maar om die gegewens in die totale samehang te beskryf. Daar word wel geïnterpreteer, en die interpretasies sal telkens op meriete beoordeel moet word. Die klem val op beskrywing eerder as verklaring. Psigo-analitiese ontleding kom nie aan die orde nie.

4 Die kulturele konteks word nie genoegsaam in ag geneem nie:
Hierteenoor sal dit duidelik wees dat die metabletika juis voortdurend besig is met veral die kulturele skeppinge van die mens en ingestel is om die samehang nie te versteur nie.

Dit is dus duidelik dat die metabletika op 'n heel ander vlak aansluit by die geskiedenis as die psigo-geskiedenis wat Grundlingh bespreek. Metabletika sal op sy eie beoordeel moet word.

Die vraag wat, soos ek dit sien, uit die metabletika tot die historikus kom, is of die geskiedskrywing genoegsaam rekening hou met veranderinge in die mens? Sou dit wees, soos die metabletika aandui, dat die geskiedenis verander omdat die mens verander, suggereer dié bevinding dat die historikus sy geskiedskrywing nie kan doen en vertolk as hy die verandering wat met die mens plaasgevind het nie verstaan en in ag neem nie. Bevindinge van die metabletika poneer die vraag of hierdie veranderinge in die mens nie ook effek op die geskiedskrywing moet hê nie? Indien wel, het die historikus iets van die sielkundige se kennis oor menslike funksionering nodig, veral ten opsigte van die mens-wêreld-relasie, om diepte aan geskiedskrywing te verleen.

Parabirsing se ondersoek vind vergelykbare metodes by historici. Hy verwys na die paradigma-konsep van T Kuhn en M Foucalt se beskrywing van transformasies. Van den Berg gaan egter op 'n meer deurtastende wyse te werk om aan te dui hoe 'n veranderde mens-wêreld-verhouding 'n neerslag in die geskiedenis van die mens, sy wetenskap en kultuur kry.

Die historikus kan nog bedenkinge hê oor die wyse waarop die sielkundige met die geskiedenis omgaan in die metabletika en of sielkunde daardeur vir die historikus enigsins nader gebring word. Die omgekeerde, naamlik dat die metabletika die geskiedenis vir die sielkundige nader bring is nietemin beslis waar en kry die arbeid van die historikus vir die sielkundige betekenis. Al sou dit net vir dié rede wees, sal die aan-

dag van die historikus vir die navorsing en bevindinge van die metabletika waardeer word. Sodoende sal die geskiedkundige kan aantoon waar die sielkundige die geskiedenis verkeerd vertolk wanneer hy, in sy poging om die mens van vandag in perspektief te kry, die mens ook in die verlede gaan opsoek.

Uiteindelik is geskiedenis en sielkunde albei menswetenskappe en moet hulle rondom die mens bymekaar kom. Dit geld ook vir die mens van die verlede.

## Verwysings


Die Villiers, H J 1984 "Metabletika – 'n Interdissiplinêre metode van navorsing" – In *Die sielkunde in die Geesteswetenskappe*, NG Kerk-Uitgewers.

De Villiers, H J 1979 Mens en Godsdiens – 'n Metabletiese studie. Ongepubliseerde proefskrif.

Grundlingh, A M 1982 Sielkunde vir die Historikus – *Historia*, Sept. 1982.

Munroe, R 1967 Schools of Psychoanalytic thought. Holt, Rinehart & Winston.

Parabirsing, S 1974 De metabletische metode. Boom Meppel.

Van den Berg, J H 1956 Metabletica. Callenbach, Nijkerk.

Van den Berg, J H 1959 Het menselijk lichaam. Deel I, G F Callenbach.

Van den Berg, J H 1973 De Reflex. G F Callenbach.